

Van Wyk, J H 1994 — God sorg en regeer: Die voorsienigheid van God in dogmatiese diskussie

Potchefstroom: Departement Sentrale Publikasies, PU vir CHO. 48 Bladsye. Prys onbekend.

Resensent: Dr J J Steenkamp

Die skrywer hanteer die leer oor die voorsienigheid van God in vyf hoofstukke.

In die eerste inleidende hoofstuk stel hy die probleem dat die voorsienigheidsleer gekritiseer word vanweë 'n verandering wat ingetree het in die moderne wetenskapsbeeld, die Godsbeeld, die wêreldbeeld, die mensbeeld en die gesagsvisie. Vervolgens bespreek hy sewe teoloë, vanaf Augustinus tot Adrio König, se beskouings oor die voorsienigheidsleer. Derdens stel hy 'n aantal standpunte wat deur die teologie afgewys word, byvoorbeeld die monisme, die fatalisme, pessimisme ensovoorts. Die vierde hoofstuk is 'n evaluasie van die voorafgaande. Van Wyk bied dit aan in die vorm van agt stellings wat geformuleer is oor verskillende teenstellende loci, byvoorbeeld liefde en oordeel. Die vyfde hoofstuk is 'n samevatting waarin hy die voorsienigheidsleer tipeer as 'n geloofsbelydenis, 'n trinitariese belydenis, 'n aktiverende belydenis en 'n hoopvolle belydenis.

Die skrywer laat in sy weergawe op 'n bekwame manier reg geskied aan die kritiese standpunte asook die standpunte wat deur die teologie afgewys word. Die evaluerende stellings wat hy aanbied, is 'n poging om op 'n baie bondige manier 'n balans te bring tussen ekstreme eindpunte van die dieselfde saak. Hoewel die leser die ongemaklike gevoel kry dat die bewyslas nog steeds op die skrywer rus, kan die bondige skryfwyse rustig die skuld daarvoor dra. Die tipering wat Van Wyk gee, kwalifiseer die werk as 'n stuk apologetiek wat sowel vrugbaar vir die teologie as aanleidend vir diskussie benut kan word.

Is Van Wyk se gelykskakeling van apartheid met die Naziïsme werklik korrek en nodig of soos in baie ander gevalle ook maar net 'n poging tot geloofwaardigheid in die Nuwe Suid-Afrika?
